PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

H/V Paul Kruger en Ross str, Universitas, Bloemfontein
Tel. : (051) 522 1371
www.tjokkies.co.za

12 Augustus 2020

Geagte ouers

TERUGKEER VAN GRADE: Graad 1 tot 6

Die bestuur van die skool, in samewerking met die Beheerliggaam, het besluit dat dit in die beste belang van die leerders sal wees, as ons reeds op Maandag, 17 Augustus, leerders van Graad 1 tot 7 (groep 1) sal laat terugkeer skool toe om hul skooljaar te hervat. In my vorige skrywe het ek wel genoem dat leerders eers op 24 Augustus sou terugkeer, maar hierdie besluit is dus herroep en is besluit om ’n week vroeër te begin.

Ons besef dit is ’n baie kort kennisgewing en ons verstaan as u reeds ander planne in plek het. Ons as onderwysers is egter baie bekommerd oor die res van die akademiese jaar en ek glo u as ouers voel dieselfde. Daarom wil ons so gou as moontlik aan die werk spring. Die meeste laerskole in Bloemfontein gaan ook hierdie roete volg om soveel as moontlik kontaktyd met leerders te spandeer.

Leerders in groep 3 (leerders met komorbiditeite) sal steeds volgende week kontaktyd met onderwysers kan kry. Onderwysers sal self met u reël.

Nuutste datums vir terugkeer:

Datum	Groep
11 – 12 Augustus	Gr. 7 (Groep 1)
13 – 14 Augustus	Gr. 7 (Groep 2)
17 - 21 Augustus	Gr. 1 tot 7 (Groep 1)
24 – 28 Augustus	Gr. 1 tot 7 (Groep 2)

Middagstudie-fasiliteite sal dan ook reeds weer vanaf Maandag, 17 Augustus, beskikbaar wees soos voor die onderbreking.

2020 en Covid het ons hele denkwyse en dit waaraan ons gewoond was, kom verander. Dit dwing ons om gereeld aanpassings te maak, nie omdat ons wil nie, maar omdat ons moet. Daarom vertrou ek dat u ons ondersteun in ons roeping om “Net ons beste” vir ons kinders te doen, ongeag die uitdagings wat op ons pad kom.

Baie dankie aan elke ouer vir u ondersteuning.

Groete
Neels Gunter
Skoolhoof